SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*IAFRFA3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Beplan, redigeer en proeflees jou skryfstuk.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer die skryfstukke volgens die nommeringstelsel van die vraestel.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

1.1 "My kind, jy steek ons in die skande." Hierdie woorde het my laat besef dat ek ons familienaam laat val het. **[50]**

1.2 Die dag toe ek my aanlyn kêrel/meisie in lewende lywe ontmoet het. **[50]**

1.3 Die foto's op my selfoon ... **[50]**

1.4 Ek het die reg om my vriende te kies! **[50]**

1.5 Moet jy ryk wees om suksesvol te wees? **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

**LET WEL**: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron: Sarie Augustus 2015] **[50]**

1.6.2



[Bron: www.google.co.za] **[50]**

1.6.3



[Bron: Reader's Digest November 2016] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Skryf ’n brief van simpatie aan ’n goeie maat wie se pa/ma oorlede is. **[30]**

2.2 **FORMELE BRIEF (DEKBRIEF)**

Jy wil graag aan ’n kompetisie deelneem wat in Amerika gehou word, maar jy het nie die geld vir die vliegkaartjie en akkommodasie nie. Skryf nou ’n brief aan ’n persoon/maatskappy waarin jy vir ’n borgskap/donasie vir die kompetisie vra. **[30]**

2.3 **VERSLAG**

Jy het gesien hoe ’n graad 11-seun met ’n kleiner seun baklei.
Skryf nou ’n ooggetuieverslag oor wat gebeur het. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Dis jou skool se verjaarsdag en jy is gevra om ’n oudleerder wat ’n baie suksesvolle beroep beklee voor te stel.
Voer nou ’n informele onderhoud met die persoon sodat jy ’n bietjie inligting kan hê om die persoon voor te stel.

Skryf die onderhoud in die vorm van ’n dialoog neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### 3.1 UITNODIGING

Jou skool wil graag ’n pannekoekaand/vetkoekaand/roti-aand hou om die ouers weer bewus te maak van hulle rol in hulle kinders se skoolloopbaan.

Ontwerp nou ’n uitnodiging waarin jy jou ouers uitnooi en om die aand by te woon. Beskryf mooi wat alles op die aand sal plaasvind en verskaf alle relevante inligting. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Jy moet, as deel van jou lewensoriënteringstaak, ’n dag by ’n firma van jou beroepskeuse gaan spandeer. Jy voel opgewonde, maar skrikkerig, want jy weet nie wat om te verwag nie.

Maak nou TWEE dagboekinskrywings:
Een inskrywing die aand VOOR jy moet gaan werkskadu EN
Een inskrywing die aand NA jy gewerkskadu het. **[20]**

### 3.3 PADAANWYSINGS

Jy het jou vriende na jou verjaarsdagpartytjie uitgenooi. Baie van hulle weet nie waar jy bly nie. Skryf jou padaanwysings in 8–10 sinne neer hoe om by jou huis te kom. Begin by jou skool. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou